## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 5 NOVEMBER 2023

**DRIE EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD**

# GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Alta du Toit Nasorg***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Matteus 25:1-13; Josua 24:1-3a, 14-25;**
**Psalm 78:1-7; 1 Tessalonisense 4:13-18**

| **SONDAG, 5 NOVEMBER** |
| --- |
| 09:00 Oggenddiens – Ds Hannes Burger<br>Deuroffer ten bate van: Alta du Toit Nasorg<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw<br>09:00 Kinderkerk<br>09:00 Kleuterkerk<br><br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens |
| **MAANDAG, 6 NOVEMBER** |
| Kommissie begrotingsversoeke inhandig by Mariana<br><br>18:00 Kooroefening<br>19:00 Sportmanne Bybelstudie<br>19:00 Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 7 NOVEMBER** |
| 09:30 Senior Burger Bybelstudie<br>18:00 Manne Bybelstudie in Moederskamer |
| **WOENSDAG, 8 NOVEMBER** |
| 09:30 Vroue Bybelstudie<br>09:30 Othello Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 9 NOVEMBER** |
| 09:30 Dienssentrum vir Seniors – Louis Hurter en Boereorkes by Huis De Kuilen<br>18:00 Begrotings vergadering – alle kommissie voorsitters en belanghebbendes<br><br>Sopbeurte: Engela Franken, Elmarie Scholtz, Christelle Smit, Loamie Olivier,<br>Kotie Jonas, Marietjie Basson |

| VRYDAG, 10 NOVEMBER | |
|---|---|
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |
| **SATERDAG, 11 NOVEMBER** | |
| | |
| **SONDAG, 12 NOVEMBER** | |
| | VIER EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Belydenisaflegging<br>Deuroffer ten bate van: Studentebearbeiding<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman |
| 09:00 | Kinderkerk |
| 09:00 | Kleuterkerk |
| | • **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |

# GEMEENTENUUS



1. Celesti van Zyl (Zevendal) het die afgelope week mediese toetse ondergaan. Die komende week word sy ge-opereer.
2. Pottie Potgieter (Franckestraat) sterk aan by die huis na 'n suksesvolle operasie.
3. Elza Cloete (Andanté) is in die hospitaal en ondergaan Woensdag 'n rugoperasie.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ons benodig gemeentelede wat kan help met die voorsang by eredienste. Kom help ons asb! Gee jou naam by die kerkkantoor.
2. NG Kerk in SA (Sinode van Wes-Kaapland) het 'n voltydse pos beskikbaar in Stellenbosch vir 'n ***Administratiewe Koördineerder: Navorsing en Kuratorium.*** Volledige inligting op kennisgewingsbord en by kerkkantoor beskikbaar.
3. Ds Chris preek vanoggend by Digtebij gemeente.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



5/11 Louis Roos, Alta la Grange, Erna Carstens, Marlize Neethling, Sorina Greeff, Marlene Kotze
6/11 Renier Hagen, Carli Visser, RP De Beer, Mari Crafford
7/11 Mattie van Geems(84), Kitty de Klerk(83), Herman Hugo, Ronel le Grange
8/11 Janeke Kleinhans, Jan van der Merwe, Zita Erasmus, Alida Burger Petro van den Heever, Marietjie Basson
10/11 Jacques Odendal, Gerhard Roux, Almarette Swart, Heleen Kritzinger
11/11 Albie Lintvelt(87), Peter Abrahams, Ina Laubscher

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Alta du Toit Nasorgsentrum (Bellville)**

Die **Alta du Toit Nasorgsentrum (AdTN) in Bellville** maak voorsiening vir volwassenes (18 jaar en ouer) wat intellektueel gestremd is. Hulle vaardighede word optimaal ontwikkel met die hulp van professionele opleidings- en ontwikkelingsprogramme. Die hantering van kliënte word bestuur deur ’n multidissiplinêre span, wat persoonlike versorgers, verpleegpersoneel, toesighouers in die werksareas, arbeidsterapeute, asook die maatskaplike werker insluit. Toegewyde personeel sorg dat AdTN vir die kliënte ’n veilige tuiste is om in te woon en te werk. Met die nodige liefde en onder-steuning word verseker dat ons kliënte eerstens goed versorg word, maar word daar ook omgesien na hul fisiese, emosionele en geestelike behoeftes. Alta du Toit Nasorgsentrum huisves 174 kliënte in vier koshuise en ontvang ook op weeksdae 59 dagsorg-kliënte in die werk- en terapeutiese areas. Die jongste kliënt is 18 jaar oud en die oudste is ’n dame van 82 jaar. Die kliënte bly by die Nasorgsentrum tot hul afsterwe. Dit veroorsaak ernstige finansiële verpligtinge wat nie voldoende deur die Staat verlig word nie. Die kliënte is spieëltjies waarin ons elke dag kan sien en bewus word van hoe groot ons dankbaarheid moet wees vir die wonderlike talente en gawes wat ons uit die Vaderhand ontvang. Gemeentes se ondersteuning word opreg waardeer en dra ongelooflik by tot die volhoubaarheid van die Nasorgsentrum.

Marina van der Meulen | 021 913 2106 | marina@altadutoit.

# SENIOR KATEGESE

Ons Senior Kategese verkoop swart vullissakke vir fondsinsameling ten bate van Jeug projekte.

Elke huishouding gebruik swart vullissakke en ons kwaliteit is baie goed.
Dis sterker (40mic) teenoor die winkel (18-20mic) se sakke.

20sakke @ R45 10sakke @ R23

Kontak die kerkkantoor indien jy belangstel.



# KERSLIEDERE SAAM MET AMIRA

Kersliedere saam met Amira Willighagen

Sondagoggend 26 November 2023
Tyd: 09:00
Plek: De Eike

# DIE KOSMANDJIE

Liewe Lidmaat

Met die oog op Desembermaand, vra Die Kosmandjie graag nou al jou ondersteuning. Lidmate van 1 jaar oud tot tagtig jaar oud, het jou hulp *regtig baie nodig* en die spens is taamlik leeg.

| | |
|---|---|
| Langlewemelk (elke liter help!) | Grondboontjiebotter |
| Tamaties (in n blikkie! - enige soort) | Suiker |
| Mielies, ertjies, bone, gemengde groente | Kookolie (750ml) |
| Mieliemeel (pap) | Soppoeiers |
| *Bully beef* | Tuna |

Bring gerus ook enigiets wat die vakansietyd sal opvrolik, soos jellie, kondensmelk, vrugte of vla.
*DANKIE* aan jou wat reeds so positief reageer het! Jou hulp is ‘n getuienis.

Mandjie-groete

# KLERE EN VERE

Pak jy nou kaste reg op soek na somersklere? Bring asseblief vir ons alles wat jy nie langer kan of wil gebruik nie. Klere, skoene, linne, komberse **én kombuisware** - enigiets is welkom!

Ontvangers hierdie week -
**VGK Koelenhof**, wat ook 'n klompie nuwe Bybels vir hul katkisante kon saamneem;
**Helpende Hand**
**Nuwerus**, wat ook lappies en gare ontvang vir projekte waarmee hulle besig is.

Groetnis
2 Vere

# HUIS DE KUILEN

De Eike was weer hierdie jaar verantwoordelik vir die grootkoektafel by Huis de Kuilen se Buitelugfees.

Baie dankie vir elke persoon wat 'n koek/tert of enige gebak geskenk het. Baie dankie ook vir elke donasie wat ontvang is.

De Eike het weereens bewys dat hulle omgee. Baie dankie ook vir die dames wat die Saterdagoggend met die verkope gehelp het.

Baie, baie dankie vir julle hulp - waardeer dit opreg.

Daphne Jordaan

# KERSGESKENKE VIR VGK KOELENHOF KINDERS

Baie dankie aan al die lidmate wat kaartjies geneem het om geskenke vir die kinders te koop.

Geskenke moet asb teen 17 November 2023 by die kerkkantoor wees.

# JAN KRIELSKOOL

Die Jan Kriel Instituut, ten bate van Jan Kriel Skool leerders, bied elke jaar hulle Liggieboom geleentheid aand. Sluit by ons aan vir 'n familie-vriendelike aand wat optredes van beide die kinders en Desmond Wells insluit asook 'n danksеggingsdiens om die jaar af te sluit. Hekke en kosstalletjie open om 17h30 en die program begin 19h00. Die hoogtepunt van die aand is die aanskakel van die Liggieboom, wat elke jaar spog met meer as 10 000 geborgde liggies!

Kom kuier saam en maak 'n verskil- GEE 'N KIND 'N KANS! Vir Jan Kriel ondersteuners wat hulself nie in die Kaap bevind op **25 November 2023** nie, is dit 'n gulde geleentheid om 'n bydrae te maak deur 'n liggie of meer te borg. Selfs een liggie maak 'n onmeetbare verskil in 'n leerder se lewe.

Besonderhede by www.liggieboom.co.za of kontak events@jankriel.co.za vir verdere inligting

# AKSIE SAMARITAAN

Kersfees Projek

Die sopkombuis sluit vanaf 17 Desember 2023 tot 8 Januarie 2024. Op 17 Desember het ons die Kersfees afsluiting waar ons kospakkies en 'n bederfie uitdeel saam met 'n ete. Die kospakkies moet ons kliënte help deur die 3 weke wat ons gesluit is. Ons gee ook geskenkies vir die kinders. Om dit alles moontlik te maak kort ons die volgende:

Algemeen:

Kontant bydraes vir kospakkies

| | |
|---|---|
| 200 Hoender boudjies/dytjies | 200 Botteltjies koeldrank |
| 200 Sjokolade stafies | 10 Pakke skroefnoedels |
| 5 Potte "Nola" Mayonnaise | |
| 200 Waslappe | 200 Koekies seep |
| 200 Buisies tandepaste | 200 Tandeborsels |
| 80 Blikkies mans deodorant | 80 Blikkies dames deodorant |

Kinders:

| | |
|---|---|
| 40 Skool rugsakke | 40 Skool skryfbehoeftes stelletjies |
| Kontant bydraes vir geskenkies | |

Kontak vir Jakkie by 082 453 3862 indien jy enige bydrae kan maak of bankbesonderhede benodig.

Mag God jou ryklik seen!

# MOEDERGEMEENTE - SNUFFELMARK

11 November 2023
09:00
Kom snuffel jou winskoop uit!

Wit Olifante
Koffie & Tee
Pannekoek



Jaffels
Kerrie & Rys
Hamburgers

# TERUGVOER INSAKE FONDSE

Liewe vriende,

Ek gee graag terugvoer rakende Oktober se syfers (met September se syfers, asook die gemiddeld vir die afgelope 8 maande, vir vergelykingsdoeleindes):

| | **September 2023** | **Oktober 2023** | **Gemiddeld** |
|---|---|---|---|
| Maandelikse dankoffers | 164 432 | 191 087 | 186 181 |
| Totale inkomste | 228 342 | 793 684 | 376 756 |
| Totale uitgawes | 334 080 | 418 795 | 381 511 |
| **Surplus / (Tekort)** | **(105 738)** | **374 889** | **(4 755)** |

Oktober se uitgawes is hoër as ander maande, as gevolg van die uitgawes rondom die Wynveiling
(R84 385), asook die jaarlikse betaling vir die Kerkbode (R14 666). Die jaarlikse versekeringspremie is eers aan die begin van November betaal en is dus nie hierbo ingesluit nie, as gevolg van ‘n administratiewe oponthoud aan die versekeraar se kant.

Totale inkomste vir Oktober het ‘n hupstoot gekry te danke aan die Wynveiling se inkomste (R325 365), sowel as die eerste rondte Tiendemaanddankoffers wat ontvang is. Ek wil baie dankie sê vir elke Tiendemaanddankoffer wat reeds ontvang is – tot dusver is ‘n bedrag van R208 301 ingesamel! Die geleentheid om Tiendemaanddankofferbydrae te bring is egter nog nie verby nie – baie lidmate verkies om ‘n Tiendemaanddankofferbydrae uit hulle jaarlikse bonus te maak. Merk asseblief net die bydrae met die woord Tiendemaanddankoffer om die administrasie te vergemaklik.

Groete tot volgende maand,
Elmari Schwenke-van der Walt

# PREEKSKETS

## TEMA – JESUS WAARSKU TEEN DIE FARISEËRS



Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Matteus 23:1-12

**Wie sê die mense, is Ek? het Jesus hulle gevra.**
- Daarop was baie antwoorde moontlik - almal irrelevant.
    - Wie sê *julle*, is Ek...?
    - En dit bepaal ten diepste: Wie is *jy*...?
- Dis die belydenis waarop die kerk staan of val...

1. **Dis gevaarlik om godsdiens verkeerd te verstaan**:
- Soos die Fariseërs in Matteus 23: Hulle was ook nie net sleg nie.
- Probleem is hulle *maak* nie soos hulle *leer* nie.
- Hulle verstaan verkeerd: Hulle maak van Godsdiens 'n ondraaglike las.
- Sien self nie kans om te verander nie.
- Dít leer ons uit die Hervorming: dit gaan oor *'n verhouding*, nie oor reëls nie!

2. **Hulle ontbreek ook aan beskeidenheid en nederigheid:**
- Maar ten diepste het dit net oor hulleself gegaan: aandag op hulleself, hulle status.
- God se bevele misbruik om aandag te trek: die gebedsriem, die tossels.
- Baie ingestel op ereplekke en eretitels.
- Dít het die Hervorming ons ook geleer: Soli Deo Gloria!

3. **Hoe behoort ons dan te lyk?**
- Soos broers, wat in nerderigheid mekaar dien...
- Vergelyk maar Jesus se voorbeeld: Jes. 53, Filippense 2.
- Wie sê jy (ook deur jou optrede) is Ek...?